



## God is Almagtig

Somtyds is konings *baie magtig*. Hulle het groot mag. Hulle regeer mense. Hulle het baie soldate wat vir hulle veg.

Koning Nebukadnesar was ook 'n magtige koning. Hy het baie dienaars gehad. Hy het vir sy dienaars gesê wat om te doen, en dan was hulle altyd *gehoorsaam*. Nebukadnesar het ook 'n baie groot leërmag gehad. Sy soldate was baie dapper en sterk. Hulle het gegaan daar waar hy vir hulle gestuur het.

Nebukadnesar het sy soldate na baie lande rondom gestuur om te gaan veg. Hy het al daardie lande deel gemaak van sy koninkryk. So het hy 'n *baie* groot koning geword.

Toe het Nebukadnesar 'n pragtig stad gebou. Hy het daardie stad Babilon genoem. Dit was 'n stad vol met paleise en tuine. Daar was voorheen nog nooit so 'n wonderlike stad nie, so skitterend met wit stene en blinkende goud.

Eendag het koning Nebukadnesar in sy pragtige paleis rondgeleë. Hy was baie trots en gelukkig. Hy het na al die prag van Babilon gekyk en gesê, "Ek is darem 'n groot koning! Ek het hierdie pragtige stad gebou. Deur *my eie krag* het my koninkryk so groot geword."

Maar toe ewe skielik het hy 'n stem uit die hemel gehoor. Die stem het gesê, "O koning Nebukadnesar, jou koningskap is *verby*. Die koningskap sal van jou weggeneem word, en hulle sal jou uit die mensdom verstoot, en jy sal

saam met die diere van die veld woon en, net soos die beeste, plante eet..."

En dit is wat *gebeur* het. Nebukadnesar, die groot koning, is uit sy paleis verja. Vir 'n lang tyd het hy buite in die veld gelewe, soos 'n *wilde* man.

Maar eendag, toe Nebukadnesar in die veld loop, het hy na die hemel opgekyk en aan God gedink. Toe het hy God begin *prys*, en gesê, "God is Koning bo almal. In die hemel en op die aarde gebeur alles volgens sy wil." Nebukadnesar het uiteindelik besef dat hy baie klein is, en dat God baie groot is.

Na *dit* het God die koninkryk van Nebukadnesar vir hom teruggegee.

Nebukadnesar was 'n baie groot en magtige koning. Maar naas *God* was hy maar baie klein. God is *almagtig*. God het die hemel en die aarde geskape. God het gespreek, en dit was daar. En God het *alle dinge* in sy hand. Hy bestuur en regeer *al* die konings en koninkryke van die aarde. Hy regeer ook die hemele. Hy is Koning oor alles en almal! Ons is maar net sy klein skepsels. Nebukadnesar het dit uiteindelik geleer, en hy het gesê,

*En al die aardbewoners word as niks geag nie (Daniël 4:35).*

God is so almagtig en groot; voor Hom is ons soos *niks* nie.

### Gesels hieroor:

1. Wie het vir Nebukadnesar so 'n groot koning gemaak?
2. Hoekom het God die koningskap van hom weggeneem?
3. Hoekom het Hy dit weer vir hom teruggegee?

### Wat ons kan lees:

*Daniël 4:34-35*

## **Wat ons kan sing:**

God, Almagtig, grote Koning, Halleluja, Amen!  
Hy kom maak by mense woning, Halleluja, Amen!  
Heers oor alle skeps'le saam, Halleluja, Amen!  
Grote God, ons prys U Naam, Halleluja, Amen!

## **Gebed:**

*Grote en almagtige God, ons kan nie eens besef hoe groot U is nie. En ons is so klein! Ons dank U vir u liefde, en dat U vir ons sorg. Help ons om nooit trots te wees nie. Help ons asseblief om te onthou dat U Koning oor almal is. En dat ons ook sal onthou, dat alles wat ons het aan U behoort. Ons sal U Naam vir ewig prys. Amen.*

Marian Schoolland

© 2018

[www.christelikemedia.org](http://www.christelikemedia.org)

*Hierdie hoofstuk uit 'Leading Little Ones to God'  
is deur Marianne Bron vertaal.*